www.xtrapapers.com



Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

# Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
# Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
# Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Tuesday 10 November 2015 (morning)
Mardi 10 novembre 2015 (matin)
Martes 10 de noviembre de 2015 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

**Instructions to candidates**

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

**Instructions destinées aux candidats**

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

**Instrucciones para los alumnos**

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.



8815 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2015

International Baccalaureate
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

www.xtrapapers.com



Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op ’n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

**Drama**

**1.** Bespreek en vergelyk spesifieke kenmerke van die elemente van die Teater van die Absurde soos dit in die dramas van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het, manifesteer.

**2.** Bespreek en vergelyk die gebruik van ironie in minstens twee van die dramas van verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

**3.** Bespreek hoe sosio-politiese verandering in ’n land neerslag vind in die ontwikkeling van karakters, in minstens twee van die dramas, van twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

**Poësie**

**4.** Poësie het meer van sy trefkrag te danke aan die kompakte en ekonomiese gebruik van taal as aan enige van sy ander kenmerke. Bespreek en vergelyk die gebruik en belangrikheid van hierdie konvensie in die gedigte van minstens twee van die digters wat jy bestudeer het.

**5.** Die werklike reis, sowel as die metaforiese reis, is ’n algemene tema in die poësie. Hierdie konvensie van die reis is ’n belangrike element in die ontwikkeling binne baie gedigte. Vergelyk die gedigte van minstens twee digters wat jy bestudeer het en lewer kommentaar op die wyse waarop hierdie konvensie gebruik is en wat die effek daarvan in die gedig is.

**6.** Gedigte word dikwels opgedra of gerig aan ander digters, intieme vriende of ouers. Bespreek en vergelyk die waarde wat dit tot die gedigte toevoeg deur te verwys na die gedigte van minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het.

www.xtrapapers.com



**Roman**

**7.** Die menslike problematiek wat voortvloei uit etniese en kulturele grense in die Suid-Afrikaanse samelewing, is dikwels die oorkoepelende tema in Afrikaanse romans. Reageer op hierdie stelling deur minstens twee werke van verskillende skrywers te bespreek en te vergelyk waar die karakters die medium is waardeur hierdie dilemmas belig word.

**8.** Die Afrikaanse roman, die sogenaamde "plaasroman", speel in 'n landelike omgewing af. Bespreek en vergelyk minstens twee werke van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en toon aan hoe hierdie landelike agtergrond na die 1960's die betekenis van hierdie romans beïnvloed het.

**9.** Alhoewel die buitestaander 'n karakter is wat nooit heeltemal deel is van die verhaal in die roman nie, is hy of sy nogtans dikwels die een wat die verhaal toelig. Bespreek en vergelyk die rol van die buitestaander in minstens twee werke deur verskillende skrywers.

**Kortverhaal**

**10.** Kortverhale is soms subjektief en verhalend van aard. Bespreek en vergelyk minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en dui aan of waarde deur die subjektiewe invalshoek toegevoeg word of nie.

**11.** Dialoog is 'n sleuteltegniek in kortverhale. Vergelyk die gebruik daarvan in minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en bespreek ook die verskillende funksies daarvan en hoe hulle bydra tot die betekenis van die kortverhale.

**12.** Bespreek en vergelyk die maniere waarop karakterisering in minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het, plaasvind. Bespreek ook die funksie daarvan in elke geval.